

Sing vooraf: Psalm 31:18 (p. 147)

18 In moedeloosheid neergeboë, / het ek, deur vrees gejaag, / weleer te gou geklaag:
“Ek het verdwyn, wég van u oë.” / Ook dan is voor u ore / my roepstem nie verlore.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:9 (p. 334)

9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 130:1, 2, 3 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!
- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.
- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurig deur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die Heer,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.

Skriflesing: Psalm 130

Teks: Psalm 130:1; Kategismus Sondag 4

'n Bedevaartslied. Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE!
(Psalm 130:1 AFR1953)

In hierdie psalm is 'n gelowige aan die roep wat oor die afgrond geval het. Hy roep uit die diepte.

- Mens dink hier aan Daniël wat in die leeu kuil was en
- Jona wat in die diepte van die see was.

Die ou Jode het gedink dat mens al hoe verder van God af is as jy dieper in 'n gat of oor 'n afgrond gaan en dat jy al hoe nader aan die Here is as jy hoër in die lug is!

- Dis waarom hulle die ellendes wat hulle oorgekom het, altyd met dieptes geassosieer het en ook waarom hulle op hoogtes gaan offer het!
- Hulle het dus gedink dat mens met hoogte of diepte na God toe of van God af weg kan gaan.

Hulle het 'n baie belangrike fout gemaak, naamlik dat hulle verkeerdelik gedink het dat 'n mens die afstand na God toe kan vermeerder of verminder.

- Die afstand tussen ons en God word nie weggeneem deur ons hoër of laer klim of daal nie.
- Dit word bepaal deur God se uitverkiesing en verlossing, en ons benutting daarvan.

God het ons geskape as sy beeld en as heersers op die aarde.

- Die hoofdoel van ons skepping was ook om God te verheerlik – maar dan kom die sondeval.
- Mens kan dit met baie woorde beskryf: verraad, Godsverlating, sonde, ongehoorsaamheid . . .
 - Die effek daarvan was bloot dat die mens van sy kant af die verhouding met God verbreek het.
 - Die mens het homself in hierdie dieptes ingegooi waarvan daar in die latere jare soveel gemaak sou word.

Hierdie sondeval was 'n geweldige gebeurtenis omdat die Here Adam en Eva aan 'n proefgebod onderwerp het.

- Dit beteken dat die Here hierdie een keer aan hulle die geleentheid gebied het om 'n besluit ten goede of ten kwade te neem.
- Die gevolge van hulle besluit sou blywend wees:
 - Sou hulle gehoorsaam, sou ons nooit in der ewigheid probleme gehad het met sonde en die duiwel nie.
 - Sou hulle nie gehoorsaam wees nie, sou die toestand wees soos wat ons dit vandag ken: elke mens wat na hulle gebore sou word, word in sonde gebore, en elke oomblik van ons lewe is ons uitgelewer aan die werk van die sonde.

Uiteindelik het die sonde geweldige nagevolge gehad:

- Ons verstand is verduister.
- Dit, saam met die vloek wat God oor die aarde uitgespreek het oor die mens se sondes, het baie slegte dinge soos siekte, droogte, armoede, angste en ook die dood tot gevolg gehad.

Dis hoe die saak ontwikkel het dat daar later iemand is soos die skrywer van Psalm 130 wat geestelik werklik in die dieptes sit.

- Hy roep uit die donker van groot ellendes dat die Here hom tog moet kom help.
- Die mens het dus met sy sondes teen die Here inderdaad daarin geslaag om 'n groot afstand – van sy kant af – tussen hom en die Here te bewerk.

Nou moet daar darem ook aan die heiligheid van God erkenning gegee word in twee sake:

- Die eerste een is dat God se heiligheid en sy majesteit dit net nie kan toelaat dat daar teen sy wil oortree word, en daar nie ook straf uitgeoefen word oor die oortreder nie.
 - God straf dan ook onmiddellik:
 - Adam sal sy brood in die sweet van sy gesig eet.
 - Eva se kinders sal met moeite gebore word.
 - Die slang sal op sy maag seil en stof eet.
 - Die aarde is vervloek oor die mens se sonde.
 - Die gevolge hiervan is vir die mens katastrofies, want in straf is die algehele verlorenheid van die hel uitgebeeld.
 - Die Here se straf word ook voltrek oor elke persoon wat nie absoluut gehoorsaam is aan die Here se eise nie. Ons lees dit in Galasiërs 3:10:

Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. (Galasiërs 3:10 AFR1953)

God se straf is ook nie net om vir Adam te sê dat die onkruid nou sy lande gaan toegroei nie.

- God se straf is om die mens met die ewige doodstraf te straf.
- Sy straf oor die mense en die engele is presies dieselfde – albei word deur Hom in die ewige donker buite die nuwe hemel en die nuwe aarde verseël aan die einde van die tyd.

Dit is ook so dat God toe hierdie straf aan die Here Jesus gaan straf het.

- Alle mense se straf tesame het op Hom afgekom omdat geen mens hierdie straf van God kan dra en dit oorleef nie.
- Daar verskil ons van die engele. Vir hulle is daar geen voorsiening gemaak dat iemand vir hulle part gestraf kan word sodat hulle gered kan word nie.

- Dis dan ook die tweede saak waarin ons aan God se heiligheid erkenning moet gee: Hy begenadig die mens.
 - God se regverdigheid en sy oordeel sluit nie sy genade uit nie.
 - Sy genade het juis daarin bestaan dat Hyself iemand voorsien het wat die volle vrag van sy toorn kan dra, maar dat hierdie Persoon dit ook namens ons mag doen.

Sy genade bestaan verder daarin dat ons hierdie verlossing wat op so 'n manier bewerk is, vir onself mag toeëien.

- God se barmhartigheid is dus, net soos sy oordeel, nie 'n susmiddel wat ons gerus en aan die slaap maak nie.
- As ons nie daarmee woeker en dit in ons lewens laat skyn nie, dan is ons ondankbaar en vertrap ons God se genade, en kan ons op 'n swak uiteinde vir ons lewe reken.

Die toepassing is dus baie eenvoudig: Ons moet net doodeenvoudig beseft dat ons as gevolg van ons sondes nie veel werd is voor die Here nie.

- Ons lewenspad loop elke dag skeef.
- Maar daar is genade as ons onself verneder en voor God gaan smek vir vergifnis en genade.
- Ons het onself in die toestand ingewerk waarin ons is. Dis nie God se skuld nie.
- Maar by die Here is daar vergewing – al eis sy genade ook van ons bekering, wedergeboorte en volharding.

Kom ons lees Kategismus Sondag 4 saam.

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

(a) Ef 4:24. (b) Gen 3:13; 1 Tim 2:13, 14. (c) Gen 3:6; Rom 5:12.

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).

(a) Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Eks 20:5; 34:7; Rom 1:18; Ef 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10.

Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

(a) Eks 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 19:6 (p. 83)

6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 17 Februarie 2008 (aand)